DIE SKOOL WAAR JY SAAKMAAK

#LEIPIES_JYMAAKSAAK

Leipie WINTER NUUSBRIEF

24 MEI 2024

BELANGRIKE DATUMS

(nuutste aangepaste datums)

24 Mei: ATKV Redenaars Semi-Finaal
Mini-Netbal o/7 Monumentpark
25 Mei: Netbal B-span Feestoernooi Midstream Collage
Bulletjierugby Maragon (weg)
27 Mei: Netbal Pre-Diamond uitspele o/13A
28 Mei: Rugby vs Magalieskruin (weg)
Netbal Diamond Uitspele o/13A
Sagtebal o/10, o/11 vaardighede
29 Mei: ***Vakansiedag – Verkiesing***
30 Mei: Rugby vs Monumentpark (tuis)
Mini-Netbal Feestoernooi o/8, o/9 Midstream College
Hokkie o/10, o/11 vaardighede (dogters)
31 Mei: Netbal Tshwane Uitspele o/13A
Midstream Collage
1 Junie: Bulletjierugby Loftusdag

GEDAGTE VIR DIE WEEK:

Loof die Here, want Hy is goed,
aan sy liefde is daar geen einde nie!

Psalm 107:1

PERSONEEL VERJAARSDAE

27-31 MEI 2024

Me Suzanne Piater (30 Mei)

LEERDER VERJAARSDAE

27-31 MEI 2024

Du Plessis Franco, Van Der Merwe Zané, Vorster Gabi, Brandt Leah, Langenhoven Kaelynne, Lotter Chevelle, Van Der Walt Emma, Bradley Luke, De Beer Thys, Keys Kyle, Swanepoel Julia, Swarts Florence, Tinkler Eben, Bodenstein Anné, Herbst Hilandré, Stephens Elzette, Stephens Johané.

GEKONTROLEERDE TOETSREEKS/ASSESSERING:

Leerders word aangemoedig om met erns met die akademie besig te wees, gekontroleerder toetsreeks/ assessering het begin. Indien 'n leerder afwesig is moet 'n afwesigheidsbrief/doktersbrief skooltoe gestuur word. Leerders wat afwesig is moet asb met onderwysers reël vir die inhaal van werk. Leerders moet asb elke dag skool bywoon. Ons doen 'n dringende beroep op ouers om asb nie leerders onnodig tuis hou of vroeër te kom haal nie, leerders gaan sodoende 'n agterstand hê met werk wat behandel/hersien word vir die toetsreeks/ assessering. **Volgende kwartaal se werk word ook reeds behandel.** ***Geen*** **"bloktyd"** by skool van toepassing.

LAATKOMMERS:

Registerperiode vanaf 7:30-7:40. Leerders **MOET** aanwesig wees tydens registerperiode, anders word hy/sy afwesig gemerk. Leerders wat laat kom, **MOET DEUR OUER/VOOG BY DIE KANTOOR INGETEKEN WORD. GEEN LEERDER MAG NET BY DIE HEK AFGELAAI WORD NIE.** Leerder ontvang 'n briefie wat aan onderwyser/es getoon moet word. Indien 'n leerder vanweë geldige redes laat kom bv. doktersafspraak moet die leerder steeds na die kantoor vergesel en ingeteken word, asook redes vir laat inteken verskaf.
Stuur asb 'n epos aan **admin@louisleipoldt.co.za** indien leerder vanweë geldige redes gaan laat wees, sodat registeronderwyser/es vroegtydig kennis kan neem.

DIE LEIPIE SKATKIS:

Die Leipie Skatkis (tweedehandse skoolklere) is **Dinsdae** vanaf **13:45-14:15** en **Woensdae** vanaf **13:45-14:45** oop.

BEMARKING:

Me Sarie v/d Merwe hanteer alle bemarking. Kontak haar gerus per epos: **sarie@louisleipoldt.co.za**

Leipie NUUSBRIEF 2

NETBAL: vs Stephanus Roos – o/10 A-D wen, o/12 B, D wen, o/13 A-B wen.
WISKUNDE: Abrie Botha – A+ Wiskunde Streekskompetisie – algeheel 2de plek.
POLSSLAG VOORTREKKERS: Die volgende Penkoppe en Drawwertjies van verskeie grade, het 'n GGA (Gebieds Goedgekeurde Aktiwiteit) of ook bekend as Spesialisasie, voltooi. Hul ontvang 'n sertifikaat en 'n kenteken wat op hulle uniform gedra word: Isabelle Hertz - Paraatheid en waterveiligheid, Alaina Pretorius - Waterfiksheid, Savannah Scholtz - Waterfiksheid, Emma van der Ryst - Waterfiksheid, Etienne Buys - Waterfiksheid, Riku Botha - Anglo Boere-Oorlog, AJ Steyn - Anglo Boere-Oorlog, Linmarie Appel - Roeikuns, Zuane Steenkamp - Redding, Miane de Jager - Redding, Mieke Saaijman - Redding, Ellie Hertz - Redding, Anina Stassen - Varswaterhengel, Anche Cronje - Varswaterhengel, Jana Holtzhauzen -Varswater-dierekunde, Miane Steyn - Waterbewustheid, Zoë van Wyk - Waterbewustheid, Madison van Zyl - Waterbewustheid, Milandi Marais - Waterbewustheid, Leandri Marais - Waterbewustheid, Anika Pretorius - Waterbewustheid, Jandre Appel – Erfgrond.

LEERDER PRESTASIES:
Enige prestasies deur leerders kan aan die volgende personeel gestuur word:
Gr 4-7 leerders (sport) na Me Marlené Nel:
sport@louisleipoldt.co.za
Gr 4-7 leerders (kultuur) na Me Madeleine Strydom:
madeleinestrydom@louisleipoldt.co.za
Gr RR-1 leerders na Me Angelique Coetzee:
dpg@louisleipoldt.co.za
Gr 2-3 leerders na Me Anine v Aswegen:
anine@louisleipoldt.co.za

WINTERSDRAG:
Ons is nou in die oorgangsfase na wintersdrag. **Alle leerders dra vanaf Maandag 3 Junie 2024 wintersdrag.**

DOGTERS: Grys langbroek, wit hemp (lang-/ kortmou), sportbaadjie, langmou V-nek trui met skoolkleure (pullover met skoolkleure opsioneel), rooi serp en handskoene (opsioneel), swart skoolskoene met grys kouse. Mediese sertifikaat vir tekkies, slegs swart tekkies met grys skoolkouse toelaatbaar. Rooi serp/handskoene (opsioneel)
SLEGS GR 7 DOGTERS: Blou skoolrok met navy sykouse OF grys langbroek met wit hemp.
SEUNS: Grys langbroek, grys hemp (lang-/kortmou), sportbaadjie, langmou V-nek trui met skoolkleure (pullover met skoolkleure opsioneel), rooi serp en handskoene (opsioneel), swart skoolskoene met grys skoolkouse. Mediese sertifikaat vir tekkies, slegs swart tekkies met grys skoolkouse toelaatbaar. Slegs **swart belt** mag gedra word.

NB!! Ons doen 'n dringende beroep op ouers om toe te sien dat leerders met die korrekte wintersdrag (soos bo) skool toe kom. GEEN ander baadjies, Drimac's truie, broeke of tekkies is toelaatbaar nie.
U is welkom om by **Die Leipie Skatkis** te gaan kyk vir tweedehandse skoolklere. **Merk asb alle kledingstukke en skoene duidelik.**